
# 75 Diep in die stilte van die nag




Die hemele gaan nou nog oop
en engele daal neer;
oor hierdie moeë aarde klink
die hemelsange weer,
wat aan bedroefdes in hul leed
die blye tyding bring;
ver bo die Babelse geraas
hoor ons hoe eng’le sing.

Lank het die wêreld onder stryd
die sonde reeds gely,
tweeduisend jaar van pyn en smart
is daardie nag verby.
Die boodskap van Gods liefde word
deur krygsrumoer verdring
o Staak dit, mens wat veg teen mens,
en luister: eng’le sing.

Skep moed, terneergedrukte siel,
vermoeid en afgemat,
wat onder sware laste buk
hier op jou lewenspad.
Die boodskap van die hemelkoor
sal steeds besieling bring,
kom rus ‘n wyle langs die weg,
dan hoor jy eng’le sing.

Want kyk ons snel die goue eeu
van vrede tegemoet,
deur sieners in hul sange steeds
met sekerheid begroet.
Oor heel die aarde sal die Heer
waaragtig vrede bring.
Dan leer die mensdom ook die lied
wat engelkore sing.

Edmund H. Sears ((1810-76) verw. Sir Arthur S. Sullivan (1842-1900)